# Kleinmond
## Natuurbewaringsvereniging
## Nature Conservation Society

NPO 005-622 PBO 930013742 kleinmondnbv@gmail.com
Nedbank current account no 1032445297 Branch code 198765

# Jaarverslag

2024/5



# 1. Inleiding

## ’n Halfeeu se werk word gevier

Vyftig jaar gelede het Kleinmond baie anders gelyk as vandag. Ja, daar was toe minder inwoners en minder huise, maar die omgewing het ook anders gelyk. In Nuusbrief #1 word vertel dat die veld aan elke kant van die Palmietrivier toegegroei was met derduisende dennebome en ander indringers. En in die eerste jaarverslag wat ons kon opspoor, word gemeld dat die Middelrivier-omgewing, die noordwestelike kant van die dorp en meentgrond met indringers besmet was.

Gelukkig was daar versiende mense wat in Oktober 1975 besluit het om die Kleinmond Natuur-bewaringsvereniging te stig. Die jaarverslag van 1977 noem dat die vereniging besluit het om “*uit*

*die staanspoor 'n aandeel te hê en die pas aan te gee met die praktiese bestryding van die indringerplantegroei*."

Van die vereniging se suksesse word in die eerste nuusbriewe genoem: 300 ha se indringers is skoongemaak en 40 000 denne-, hakea-, mirte- en wattelbome is verwyder. Daar is besluit dat Fairy Glen weer 'n inheemse woud moet word, met die gevolg dat duisende wattels verwyder en inheemse bome geplant is. Die dorpsbestuur het die gebied tussen Kusweg en die see as 'n natuurreservaat verklaar en 'n plan is beraam om onbeboude erwe met indringerpesplante skoon te maak.

Na vyftig jaar wil die KNBV vanjaar die pioniers wat destyds besluite geneem en die daad by die woord gevoeg het, erken en ons dank aan hulle betuig vir hulle versiendheid en toewyding om Kleinmond se natuur te bewaar en uit die greep van indringers te red.

Daarom gaan ons vanjaar die vereniging se 50ste vier met die tema: **Biosphere living in Kleinmond / Kleinmonders in die Biosfeer**, want ons wil hê dat volgende geslagte steeds sal kan sê: *In Kleinmond en sy onmiddellike omgewing is daar 'n groter verskeidenheid plantegroei as in enige ander gebied – groot of klein – op die ganse aardbol* (uit Nuusbrief #1).

KLEINMOND natuur | indalo | nature

50 Jaar van beskerming Years of protecting

Die **Kleinmond Fynbosfees** word vir 3 – 11 Oktober 2025 beplan. Die bekende botanis Leon Kluge sal as speker optree; die Kleinmond Fynboswebtuiste word bekendgestel; ons reël uitstappies en lesings, 'n jeugprogam en jeugkompitisies; in die stadsaal sal daar uitstallings wees oor ons en ander se werk. Teken asb die datums in jou dagboek aan.

# 2. Die KNBV-komitee

KNBV-lede wat in die komitee gedien het, is Carl Swart (voorsitter), Vic Brink (ondervoorsitter), Thea Brink (sekretaris), Justin van den Hoven (tesourier), Mariaan Guest, Gerrit van den Dool, Carin Malan en Botha Maree. Gekoöpteerde lede is Jan Stander (Plankiespad-projek), Jan Momsen, opgevolg deur Gawie Winterbach (Eko-bediening), en Corli Hugo (Kogelberg Biosfeer). Mariaan Guest het in Maart na baie jare, onder andere as koördineerder van die blomuitstallings, bedank.

# 3. Ledetal

Die vereniging het tans 320 lede. Ons is bly oor nuwe lede wat aansluit en spreek ons medelye uit met die naasbestaandes van lede wat in die loop van die jaar oorlede is.

# 4. Waardering van ons habitat

## 4.1 Kleinmond Stapklub



Die Kleinmond Stapklub het 170 lede van wie gemiddeld 25 op Dinsdae (korter stappe), 15 op Donderdae (langer stappe) en 12 saam met die Happy Ramblers stap. Daar is ook verlede jaar ’n stap-en-kuier-geleentheid by Grootvadersbosch gehou. Daar is vir drie dae gekamp, gekuier en gestap in die CapeNature reservaat.

**Foto: Suzette Vermeulen**

Die afgelope jaar kon stappers sien dat die veld besig is om goed te herstel na die ernstige brande en vloede van vorige jare.

Die jaar het ongelukkig ook sy kwota drama opgelewer met ’n bergredding en ’n ernstige besering. Die noodgevalle is goed hanteer en onder die omstandighede het alles goed afgeloop.

In die winter moes die klub ongelukkig sommige stappe afstel of herskeduleer weens gure weer.

Daar was baie navrae van jonger en nuwe intrekkers in Kleinmond wat weens werksverpligtinge nie by die weeklikse stappe kan inval nie. Die bestuur oorweeg die moontlikheid van naweekstappe.

## 4.2 Staproetes

### Fairy Glen / Kasteelkop / Spooknek / Highlands / Perdeberg / Dot’s Dash / Klipspringer / Drie Susters




Ten spyte van baie instandhouding wat aan die staproetes gedoen is, is daar steeds dele wat herstelwerk benodig. Baie daarvan is deur ons privaat kontrakteur (Diston Ruvheya) en OM gedoen.

Die brug by Hanneshoek oor die Middelrivier het tydens ’n winterstorm weggespoel, maar is spoedig herbou. Die platogedeelte van die Perdeberg-roete was erg toegegroei en is voor die vakansieseisoen oopgesny om hierdie besonderse pad weer toeganklik te maak.

Daar is nog uitstaande herstelwerk by die onderste gedeelte van die Klipspringer-roete. Die roete tussen Highlands en Perdeberg is ook steeds baie verspoel, veral op plekke wat moeilik bereikbaar is om te herstel.

Stroping van blomme, veral die skaars *Erica Pillansii*, bly ’n probleem. Die publiek word aangemoedig om die **Kogelberg C.A.R.E.**-toepassing te benut om voorvalle van rommelstrooiing, diefstal van blomme, stropery ter see en ander kriminele aktiwiteite in die omgewing aan te meld.

## 4.3 Palmietplankiespad se sementblokprojek




Hierdie projek vorder goed en daar is die afgelope jaar ongeveer 300 sementblokke gelê. Ons is dankbaar vir die publiek se finansiële ondersteuning en vir hul teëltjies met persoonlike ontwerpe.

Planke op die res van die roete word steeds gereeld vervang. Die proses sal voortduur totdat die hele roete herbou is. Die plan is om voortaan betonblokke op die droër gedeeltes te lê en nuwe houtbruggies oor nat gedeeltes te bou.



Baie van die plankies en die onderbou in die moerasagtige gedeeltes is vrot. Sementblokke gaan ongelukkig nie daar werk nie. Die plan is dus om daardie deel van die paadjie met lang behandelde pale wat op sementblokke rus, te herbou. Sodoende sal die water beter deineer en die hout nie permanent nat wees nie.

## 4.4 Voëlkyk-aktiwiteite

### 4.4.1 Gekoördineerde watervoëltellings by die Bot- en Kleinmond-strandmeer

Die CWAC-tellings (Co-ordinated Waterbird Counts), wat reeds meer as 30 jaar gedoen word, is in 2024 met groot entoesiasme voortgesit.

Die data wat ingesamel is, is aan die *Animal Demography Unit* (ADU) en *BirdLife SA* beskikbaar gestel om te verwerk en te gebruik in bestuursbesluite oor riviermondings en die omgewing.




Die Botrivier- sowel as dieKleinmond-riviermonding was vir groot dele van 2024 oop. Ongelukkig het die skade van die vernietigende storms van September 2023 steeds ’n groot invloed op die voedingsgebiede van die voëls.

### 4.4.2 Voëls getel van Februarie 2024 tot Februarie 2025

| | Botrivier-strandmeer | | Kleinmond-strandmeer | | Palmietrivier | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Spesies | Telling | Spesies | Telling | Spesies | Telling |
| 02-2024 | 51 | 3 681 | 22 | 88 | 12 | 71 |
| 04-2024 | 47 | 2 393 | 18 | 93 | 12 | 127 |
| 07-2024 | 44 | 2 941 | 24 | 151 | 8 | 142 |
| 11-2024 | 53 | 1 848 | 21 | 180 | 7 | 138 |
| 02-2025 | 51 | 3 169 | 18 | 118 | 15 | 101 |

Onderstaande grafiek vergelyk voëlgetalle vanaf Februarie 2022 tot Februarie 2025. Die afname illustreer baie duidelik die impak van die storms van 2023.




### 4.4.3 Voëlkyk in die omgewing

BirdLife Overberg versamel al sedert die begin van die inperkings met Covid (60+ maande gelede) maandeliks voëllyste van lede wat dié inligting op die Birdlasser-toepassing plaas. Die 400ste spesie sedert die pandemie was 'n taanborsstrandloper (*Tryngites subruficollis*) wat al die pad van die arktiese toendra in Noord-Amerika kom. Tans staan die spesielys vir die Overberg op 404, nadat 'n rooiborsswael (*Cecropis semirufa*) onlangs by Meer-en-See opgemerk is. Hierdie data is van uiterste belang en word gereeld in omgewings-impakstudies (EIA's) binne die Overberg-omgewing gebruik.

'n Enkele macaroni-pikkewyn (*Eudyptes chrysolophus*) het groot opgewonderheid veroorsaak toe dit op 15 Februarie op Palmiet-strand opgemerk is. Dit is vir sy veiligheid deur CapeNature verwyder en na 'n veilige plek geneem om in vrede klaar te verveer. Die pikkewyn is vroeg in Maart weer op die strand tussen Meer-en-See en Hawston opgemerk, klaar verveer en reg vir die langpad terug na die suidelike Atlantiese eilande.




**Foto: Ally Ditchfield**



’n Swart sterretjie (*Chlidonias niger*) is op 8 Februarie by Meer-en-See opgemerk. ’n Dag later is ’n westelike geelkwikkie (*Motacilla flava*) in dieselfde omgewing gevind.

**Foto: Carin Malan**



## 4.4.4 Kogelberg Wildlife & Rescue Centre

Die sentrum het in Desember hul permit van CapeNature ontvang en KNBV-verteenwoordigers het die openingseremonie bygewoon.

Coerie Badenhorst van Kleinmond, ’n geregistreerde ringer van SAFRING, help met die ring van alle voëls wat die sentrum na rehabilitasie vrylaat.

## 4.4.5 Oorwinning vir die brilpikkewyn

’n Historiese mylpaal is onlangs bereik om die krities bedreigde brilpikkewyn (*Spheniscus demersus*) te beskerm. Die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing (DFFE), BirdLife SA (BLSA) en die SA Stigting vir die Bewaring van Kusvoëls (SANCCOB) het ’n skikkings-ooreenkoms bereik waarvolgens kommersiële sardiens- en ansjovis-vissers nie in sekere sones rondom pikkewyne se broeikolonies naby kusgebiede sal visvang nie. Hierdie ooreenkoms toon wat bereik kan word as nywerhede en bewarings-groepe saamwerk.



**Foto: Carin Malan**

Die volgende plekke in ons omgewing baat by hierdie skikking:

- Stony Point in Bettysbaai met sy 1 623 broeipare
- Dyer-eiland in Gansbaai met 1 069 broeipare.

## 4.4.6 CapeNature se Rooisand Natuurreservaat

Tydens die 2023-vloed is ernstige skade aan die houtpaadjie na die voëlskuiling aangerig. Dit is nog nie herstel nie. Ten spyte van verskeie versoeke aan CapeNature is Rooisand ongelukkig in Desember vir die publiek gesluit.

## 4.4.7 Voëlkykgroep

Die Kleinmond Whatsapp Voëlkykgroep het tans 299 deelnemers. Sommige van hierdie deelnemers woon Birdlife Overberg se maandelikse vergaderings en uitstappies by.

### 4.4.8 Strandlopers Eko-Jeug Uitstappie

Twaalf lede van die Strandlopers het in Junie deelgeneem aan 'n uitstappie na Rooisand waar hulle 28 spesies gesien en bespreek het. 'n Groot dank aan die skenkers van drie verkykers.



**Foto: Carin Malan**

# 5. Bewaring van ons habitat

## 5.1 Fynbos-uitstallings




Uitstallings van plaaslike blomme het begin kort nadat KNBV in 1975 gestig is. Daar is tans uitstallings in die biblioteek, die toerisme-kantoor en die plaaslike gholfklub.

Mariaan Guest wat vir baie jare 'n leidende rol in die uitstallings gespeel het, moes ongelukkig vroeg in 2025 uittree. Ons mis haar fyn oog en kundigheid!

Tans is daar twee spanne wat om die beurt elke Vrydag die uitstalling by die ghofbaan behartig. Miemie Strydom, Yvonne van Dyk, Constantia Cilliers, Christa van Schalkwyk en Esmé Engelbrecht is die uitstallers. Mariaan stal steeds blomme uit by die toeristekantoor waar die beskikbare spasie haar tot enkele spesies beperk. By die biblioteek is Thea Brink en Magriet Brink aan die roer van sake. Die besoekersboek word van tyd tot tyd gebruik om waardering uit te spreek. Onlangs het iemand geskryf: *"Boeke en blomme – wat kan beter?"*

Ongeveer 230 verskillende spesies word deur die jaar uitgestal.

'n Nuwe persoon sal uit die groep uitstallers gevind moet word om jaarliks aansoek te doen vir die nodige permitte. Esmé Engelbrecht hou rekord van alle spesies wat uitgestal word.

## 5.2 Kursus oor die identifisering van plaaslike blomplante

Die kursus word aangebied deur Thea Brink en bygewoon deur 'n groep baie entoesiastiese persone met 'n groot belangstelling in die fynbos in Kleinmond se omgewing. Dit vind weekliks in die biblioteek se raadsaal plaas en neem die vorm aan van PowerPoint-aanbiedings met foto's en inligting. Daar is baie lewendige besprekings.

Die doel van die kursus is om kursusgangers 'n geheelbeeld te gee van Kleinmond se fynbos, die verskillende plant-families wat hier verteenwoordig word en bekende genera en spesies in elke familie.

Die kursus sal herhaal word na gelang van die belangstelling.

## 5.3 Mimetespark




Mimetespark by die dorp se oostelike ingang gaan van krag tot krag. Die dryfkrag agter die projek is Magdaleen Brits en haar span hardwerkende vrywilligers en vrygewige donateurs.

KNBV dra die koste van Vicky Kotze en haar span van BBB Gardens om veral die swaar werk te doen.

KNBV is ook dankbaar vir die ondersteuning van OM met die sny van die gras in dele van die park. ’n Samewerkingsooreenkoms tussen KNBV en OM vir die bestuur van die park is onlangs opgestel en onderteken. Dit sluit in dat dele van die park nie in die lente gesny sal word nie om die veldblomme toe te laat om saad te skiet.

In die oostelike, droë deel van die park blom is daar heelparty nuwe plante wat elke seisoen ’n nuwe skouspel lewer.

In die westelike, nat gedeelte het netjiese paadjies die area toeganklik vir besoekers gemaak. Omdat die indringerplante daar nou meestal uitgeroei is, kom die inheemse plante al hoe meer tot hul reg.

Na weke se harde werk in die vleiland-area is daar ook nou ’n paadjie wat by die pad onder die Hoofweg na die hoofstrand toe aansluit. Die kapgroep werk daar om die fluitjiesriet in bedwang te hou. Baie vleilandplante is reeds aangeplant en daar is ook groot belangstelling in alles wat van nature daar verskyn.

# 6. Bestryding van indringers en rommelverwydering

## 6.1 Kapgroep



Die kapgroep werk normaalweg op die derde Dinsdag van elke maand. ’n Hele paar van die vrywilligers doen tussen-in bykomende *ad hoc*-kappe op hulle eie. Hierdie groep van 15 mans en vroue het in 2024 nie minder nie as 43 800 indringerplante uitgetrek of afgesaag en met plantdoder behandel.

Die area waar die kapgroep werk, is in blokke ingedeel en die werk word aan die hand hiervan beplan. Rekord word ook hiervolgens gehou.

Van die indringers wat verwyder is, was

- 18 017 Australiese mirte (*Leptospermum laevigatum*),
- 11 754 perdebosse (*Erigeron sumatrensis*),

- 5 217 Port Jacksons (*Acacia saligna*),
- 4 078 hakeas (meestal *Hakea sericea*),
- 1 625 swartwattels (*Acacia mearnsii*),
- 1 613 langblaarwattels (*Acacia longifolia*),
- 452 lavatera of boommalva (*Malva dendromorpha*),
- 259 dennebome (*Pinus pinaster*),
- 235 Spaanse besembos (*Spartium junceum*),
- 178 bloekombome,
- 154 rooikrans (*Acacia cyclops*),
- 51 Nieu-Seelandse kersfeesbome (*Metrosideros excelsa*) en
- 50 Lantanabosse (*Lantana camara*).
- Die res is versprei tussen 10 ander indringerspesies.

Byna 15 000 indringers het in die eerste vier maande van 2025 alleen onder die hande van die kapgroep geval.

As Kleinmonders deel ons in die voorreg om in die Kogelberg Biosfeer te woon. Dit is ons verantwoordelikheid om hierdie skat van fynbosdiversiteit in ons omgewing te bewaar. Indringers is een van die grootste bedreigings vir fynbos en voortdurende waaksaamheid en optrede is nodig om hulle verspreiding te beheer.

KNBV werk nou saam met die munisipale amptenare (onder leiding van Timothy Europa) om indringers te bestry. Die munisipaliteit het kontrakteurs aangestel om indringers in onder meer areas naby Hanneshoek, die oos-grens van die gholfbaan, oos van Middelrivierweg en die kusreservaat te verwyder.

Dit is ’n probleem dat baie van hierdie indringers (veral Australiese mirt) in tuine in die dorp floreer en hulle saad versprei na die natuurlike omgewing rondom die dorp. Inwoners is al by herhaling versoek om òf hulle mirt-heinings gesnoei te hou om saadvorming te verhoed, òf dit verkieslik heeltemal te verwyder.

# 6.2 Skoonmaak van strande

Die Kleinmond Eko-bediening reël maandeliks ’n skoonmaakgeleentheid op verskillende plekke as hul bydrae tot ’n skoner en gesonder omgewing. Die publiek word gereeld uitgenooi om deel te neem. Die Eko-bediening tref die reëlings en voorsien sakke (wit en geel), handskoene, penne en klein beloninkies vir die kinders. Nie-herwinbare en herwinbare rommel word geskei en OM verwyder dit ná die skoonmaak.

(**Foto’s Joanne Momsen**)





- Tien skoonmaakgeleenthede is gereël in die omgewing van Palmietbrug, Hoofweg tussen die begraafplaas en KAWS, die hoofstrand, hawe en omgewing, Fairy Glen en die kuspaadjie.
- Rommel wat opgetel word, word òf in ’n geel sak (nie-herwinbare rommel) òf in ’n wit sak (herwinbare rommel) geplaas.
- Altesaam 1 436.25 kg rommel is uit die omgewing verwyder en het dus nie die see besoedel nie: 737.17 kg nie-herwinbare rommel en 699.08 kg herwinbare rommel.
- Bykans 50% van die rommel word dus herwin en die stortingsterrein word “gespaar”.
- Die data oor die herwinnig word op Ocean Conservancy se webtuiste gelaai.
- Die Skoonmaak-aksie staan onder leiding van Carlo Böhmer (logistiek) en Carlo van Rensburg (admin).

# 7. Netwerke

## 7.1 BREF (Bot River Estuary Forum)

Die KNBV is lid van hierdie forum wat advies- en oorsigfunksies vervul met die bestuur van die Botrivier-estuarium. Naas algemene insette, bly ons fokus op die belangrike rol wat die Kleinmond-strandmeer in die estuariumbestuur behoort te speel.

Vier watergesondheidmetings (watervlak en -temperatuur, soutgehalte en suurstofvlakke) is in die loop van die jaar in die Kleinmond-strandmeer gedoen.

Die proses om die Kleinmond-gedeelte van die Bot-Kleinmond-estuarium in te sluit by die bestaande Ramsar-vleiland is voortgesit. Ongelukkig is die vordering stadig. CapeNature het voorbereidende vergaderings met die privaatgrondeienaars gehou. Die grondeienaars het in beginsel ingestem om deel te neem, onderhewig aan duidelikheid oor aspekte wat hulle raak. Daar is besluit om die De Draay Conservancy weer in te stel en dat dit dan as die platform sal dien vir die bewaringsbestuur van die omgewing en die uiteindelike uitbreiding van Ramsar.

## 7.2 Overstrand Munisipaliteit: Wykskomitee vir wyk 9

Die KNBV dien in die wykskomitee en sodoende kan natuur- en omgewingsverwante sake onder munisipale amptenare en mede-inwoners se aandag gebring word. Dié sake sluit in:

*Bestuursplan vir Kleinmond Kus- en Bergreservaat:* Ons versoek dat die baie ou bestuursplan (wat na alle aanduidings nooit gevolg is nie) hersien word, is aanvaar.

*Onwettige behuisingstrukture:* Hoewel die getal bykomende strukture afgeneem het, bly ons besorg oor ’n oënskynlike toename van inwoners en die potensiële impak van o.a. ontydige brande in die reservaat en moontlike grondverskuiwings op die steil hange bokant die gebied.

*Herwinning in Proteadorp en Overhills:* Witsakherwinning in Kleinmond het positief toegeneem en die materiaal is die skoonste wat by die herwinningaanleg in Hermanus ontvang word. Die wyks-komiteelede van Proteadorp en Overhills is versoek om inwoners in die areas aan te moedig om aktief ondersteuning te gee aan Kleinmond se plastiek- en ander afvalherwinning.

*Indringerbeheer deur OM op privaat erwe:* ’n Gepaste verordening wat OM instaat kon stel om indringerplant-saadbronne op privaat erwe doeltreffend te beheer, ontbreek nog. Daar is met OM se Omgewingsbestuur ooreengekom om met skrywes aan eienaars, hulle sover te kry om die indringers op hul erwe te verwyder. Hierdie nuwe reëling is toegepas en twee eienaars het indringers op hul eiendom suksesvol bestry.

*Indringerbeheer deur OM op munisipale grond*: ’n Kontrakteur van die OM het, soos in die vorige drie jaar, belangrike werk ten opsigte van indringerbeheer gedoen. Opvolgwerk is aan die oostekant van Kleinmond (langs die gholfbaan en Klein Berlyn) en in die Kusreservaat gedoen. 93 ha is vanjaar deurgewerk. Ons vertrou dat die afgelope vier jaar se werk deur die kontrakteur, die Kogelberg Biosfeerspan en KNBV se kapspan die bedreiging van indringers in so ’n mate onder beheer gebring het dat dit in die toekoms gemakliker in bedwang gehou sal kan word.

*Rommelvangnette:* Drie van die ses nette wat die KNBV in 2021 geïnstalleer het, is steeds in gebruik. Die OM het twee aanvullende nette in die stormwaterkanaal suid van die begraafplaas aangebring en die beskadigde net in die sement storm-waterkanaal bokant Derdelaan, vervang. Die nette word periodiek en na behoefte skoongemaak. Met die jongste skoonmaak van die kousnet in Kusweg (deur 2 munisipale werkers) is ’n paar Strandloper-klublede betrek. Hulle het gehelp om die herwinbare plastiek en die ander rommel in sakke te gooi.



**Foto: Botha Maree**

## 7.3 Kogelberg Biosfeer

Corli Hogo verteenwoordig die Kogelberg Biosfeer in die KNBV-komitee. Dit het gelei tot goeie kommunikasie en wedersydse praktiese ondersteuning. Enkele sake wat aandag geniet het sluit in: die afhandeling van die registrasie van die rehabilitasiesentrum; die probleem van onwettige houtmaak by Rooisand; stappers is gevra om bedag te wees op draadstrikke wanneer hulle stap; ’n samewerkings-ooreenkoms (“co-management agreement”) is met OM gesluit oor die bestuur van Mimetespark. Ongelukkig het OM voortgegaan om openbare ruimtes in die laat-lente te sny voordat plante behoorlik kon saadskiet.

KOGELBERG BIOSPHERE

## 7.4 Eko-bediening

Die Eko-bediening, ’n projek van die NG en VG kerke, onderneem verskeie eko-projekte.

*Skoonmaakaksies:* Sien par 6.2 hierbo.

*Jeug:* Die Eko-jeugkomitee het hul verhouding met die Strandlopers versterk en verskeie programme en aksies aangebied. Die aktiwiteite wil die belangrikheid van omgewingsbewustheid en -bewaring by die kinders en jongmense kweek. Die projekte sluit in:

- Strandlopers neem deel aan die skoonmaakgeleenthede.
- Voorlesings en vakansieprogram by die biblioteek.
- ’n Fynbos-skattejag, skulpiesprojek en stokbroodbraai.
- Pretdag met die maak van goed uit herwinde blikkies, bottels en die aanleer van knope.
- Maak van eko-stene, aanplant van groente by Mtimkhulu.
- ’n Agt weke lange kursus vir 10 kinders en hul honde.
- ’n Besoek aan die Fruitways appelplaas.
- ’n Vleiland-bewusmakingsdag.

## 7.5 Kleinmond Spesiale Aanslaggebied

KNBV het verteenwoordigers in die maandelikse vergaderings van die Kleinmond Spesiale Aanslaggebied met raadslid Grant Cohen en munisipale amptenare om kwessies rakende die welstand van die omgewing te bespreek en aanbevelings te maak. Natuur- en omgewingsverwante sake van die KNBV word toenemend na die KSAG verwys omdat die wykskomitee minder gereeld vergader.

Een van die KSAG-direkteure, Jan Stander (ook ’n lid van KNBV se komitee), is hiervoor getaak. Hy plaas die sake wat deur KSAG waargeneem is of onder die aandag van KSAG gebring is, op ’n skedule. Jan doen ook inspeksies ter plaatse en neem foto’s wat tydens die vergaderings vertoon word.

Daar is tans 47 sake wat in die volgende afdelings op die skedule opgeneem is:

- Onwettige storting van vullis en rommelstrooiing
- Stormwaterkanale
- Brandgevaar en brandbane
- Alkoholmisbruik in openbare areas
- Probleemdiere
- Indringerplante
- Stappaadjies, houtbrûe en plankiespad
- Padveiligheid
- Algemene sake

Die status van elk van die sake word gemerk en voorstelle vir die hantering daarvan, aksies wat geneem gaan word en die verantwoordelike amptenaar word aangeteken.

Elke saak bly op die skedule en word maandeliks opgevolg totdat die nodige aksie suksesvol geneem is en die probleem opgelos is.

# 8. Media

## 8.1 Fynbos nuusbrief

Die tweetalige Fynbos nuusbrief (in volkleur) verskyn drie of vier keer per jaar en word per e-pos aan lede gestuur. Die redaksionele komitee het ten doel om ’n balans te skep tussen plaaslike nuus oor natuurbewaring en nuus oor sake van algemene bewaringsbelang.

’n Skakel na die nuusbrief word ook op sosiale media (die facebookblaaie van Kleinmond Fynbos en Kleinmond Community) geplaas waar dit afgelaai kan word en aan ’n veel groter lesersgetal beskikbaar kan wees.

Die databasis wat Carl Swart van die inhoud van al die 180 vorige uitgawes van die nuusbrief opgestel het, is reeds bewys as ’n waardevolle inligtingsbron. Die inhoud kan maklik nagevors en gelees word en die nuusbriewe sowel as individuele artikels is elektronies beskikbaar vir alle belangstellendes.


Fynbos
Kleinmond
Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society
No/Nr 180 Maart 2025

Reg no / nr 005-622 NPO www.kleinmondnbv.co.za info@kleinmondnbv.co.za

**Brilpikkewyne in die nuus**

**Skikking tussen bewaringsorganisasies en die visbedryf**

**Foto’s: Carin Malan**

**Ons Bettysbaaise brilpikkewyn (*Spheniscus demersus*) is ’n klein pikkewyntjie wat net omtrent 4 kg weeg.**

Maar mens moet hulle nie vlak kyk nie, want hulle is baie goed aangepas vir hul lewensomstandighede.

Hulle is tuis in die koel seewaters maar kom gereeld land toe om te rus en ook natuurlik om te broei. En soos ons weet kan die son warm bak langs die see. Die pienk kol bokant hul oë bevat egter kliere wat, wanneer dit warm is, bloedvloei na daardie area verhoog. Dit help om hulle af te koel. Hulle staan ook altyd met hulle rug na die son om hulle pote en vinne teen die son te beskerm.

Vir ons lyk alle pikkewyne eners, maar die swart kolle op die maag is uniek by elke pikkewyn, en ’n manier om individue uit te ken.

Hulle kan teen 20 km per uur swem. Mense haal net omtrent 8 km per uur as hulle afstand moet swem.

In die 18de eeu was daar meer as 4 miljoen pikkewyne om Suid-Afrika, tans is daar slegs ongeveer 50 000. Hulle word lankal as bedreig aangedui, maar in 2024 is hulle as krities bedreig aangewys.

Volgens die International Union for Conservation of Nature (IUCN) is daar ’n uiters hoë risiko dat hulle binne die volgende 4 jaar sal uitsterf tensy drastiese stappe geneem word.


Hierdie klein pikkewyntjies het reeds meer as 97% van sy bevolking weens hongersnood verloor, hoofsaaklik omdat hulle vernaamste voedselbron, sardyne en ansjovis, in hul gebied bykans uitgewis is deur kommersiële saknet-visvangste. Tensy hierdie visvangste gestaak word, het die pikkewyn nie ’n kans op oorlewing nie.

BirdLife South Africa en die Suider-Afrikaanse Stigting vir die Bewaring van Kusvoëls (SANKUB), verteenwoordig deur die Biodiversiteitsentrum, het in 2024 ’n

*(Na bl 2)*

1

## 8.2 Kleinmond Fynbos op facebook




Die facebook-blad Kleinmond Fynbos is reeds aan die einde van sy vyfde bestaansjaar. Daar word elke dag ’n foto en kort beskrywing geplaas van ’n plaaslik inheemse spesie wat in die betrokke maand in die omgewing blom.

Daar is ’n gesonde deelname van groepslede. In die 60 dae vanaf 18 Maart 2025 was daar 135 plasings en opmerkings wat altesaam 11 849 keer bekyk is. Die gewildste plasing – op 14 April 2025, met ’n plasingsreikwydte van 2 618 – was dié van die hondegesiggies (*Trichocephalus stipularis*). Die groep wat die plasings volg, het spontaan gegroei tot 2 539 lede, die meeste (2 389) van hulle uit Suid-Afrika. Daar is ook lede in die VK, die VSA, Namibië, Oekraïne, Australië, Kanada, Nigerië, Nieu-Seeland en Indië. 597 lede is Kleinmonders, 409 woon in die res van die Overstrand en 521 in Kaapstad.

## 8.3 Kleinmondfynbos webwerf




Daar is in 2022 begin met die bou van ’n webwerf wat op plantspesies in die Kleinmond-omgewing fokus. Die ontwerp is deur LoveGreen gedoen. Foto’s en inligting van die *Proteaceae*-, *Ericaceae*-en *Iridaceae*-families is reeds opgelaai, en die foto’s en inligting van die *Bruniaceae*-familie is gereed om opgelaai te word. Die teks vir die *Orchidaceae*-familie is ontwikkel en daar word nou gewerk aan die uitsoek van geskikte foto’s. Die webwerf sal DV met die 50-jarige fees van KNBV in Oktober amptelik bekend gestel word.

## 8.4 Groot Suidelike Bioblitz

Kleinmonders het van 20 tot 23 September 2024 met groot entoesiasme deelgeneem aan iNatruralist.org se “Great Southern Bioblitz”. 186 streke in die suidelike halfrond het deelgeneem, en Overstrand het naas *Greater Melbourne* tweede geëindig met die getal waarnemings (14 585).

Vier uit die vyf top-streke was almal in Suid-Afrika.

Overstrand spog met die meeste verskillende spesies (2 035) in Suid-Afrika, en die derde meeste in die suidelike halfrond.

Die topwaarnemer in die Overstrand was Suzette Vermeulen van Kleinmond en ander Kleinmonders onder die top vyf is Jan Momsen en Magriet Brink. Is dit nou nie rede om fees te vier en ons biosfeer te geniet en mooi op te pas nie? Die fokus het effens verskuif en daar word nou gepoog om uiteindelik ’n volledige databasis van die lewende wesens in ons omgewing op die internasionale databasis, Inat, te plaas.

# 9. Bedankings

Ek wil graag die volgende bedank:

- Die lede van die KNBV komitee. ’n Spesiale woord aan Mariaan Guest vir haar jarelange reusebydrae tot die vereniging, onder andere vir die blomuitstallings en die aansoeke vir plukpermitte.
- Die lede van die Kleinmond Stapklub wat na die paadjies omsien en die Palmietplankers vir hulle werk om die Plankiespad op te gradeer en in stand te hou.

- Die lede van die KNBV-kapgroep vir hul werk om die indringers in toom te hou.
- Magdaleen Brits en die Vriende van Mimetespark vir hulle werk aan die restourasie en opgradering van hierdie fynbostuin.
- Die vrywilligers wat vir die blomuitstallings sorg.
- Die vrywilligers wat betrokke is by aktiwiteite vir die bewaring van voëls in ons omgewing.
- Die vrywilligers wat vir die nuusbriewe, Kleinmond Fynbos Facebook-blad en webwerf-ontwikkeling sorg.
- Die verteenwoordigers van die Kogelberg Biosfeer en die Eko-bediening vir hul hartlike samewerking.
- Ons raadslid en OM vir hul ondersteuning en samewerking. Ook aan Tamzyn Zweig en Timothy Europa vir hulle hulp veral met die oopsny en herstel van staproetes.
- Ander vrywilligers soos die Strandlopers, Laerskool Kleinmond en Kleinmond Primêr wat meegewerk het in die bewaring en skoonhou van Kleinmond se natuurlike omgewing.
- Laastens ’n groot dankie aan ons donateurs: die Frank Robb Trust en Rowland & Leta Hill Trust, sowel as verskeie individue en plaaslike besighede.

Carl Swart

Voorsitter

Mei 2025